Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 30 Julie 2020

Gedagte van die week:
'n Mens kan nie hande skud met 'n gebalde vuis nie. (Indira Gandhi; 1917-1984)
Ons moet óf leer saamleef soos broers, óf ons sal saamsterf soos dwase (Martin Luther King; 1929-1968)

Vertrekpunt:
Genesis 32:1-32

Meditasie uit die teks:
By die lees van ons teks het ek gedink aan die mank begrafnisondernemer van AVBOB wat nooit 'n doodskis kan help dra nie. Ek het ook gedink aan Jan Veertjie Pietersen wat gereeld en mank-mank ons reisgesprekke bywoon. Hulle is só weerloos en só maklik omstampbaar. Hulle, en al hulle mank vriende, is nie baldadige oorlogverklaarders nie, want hulle is nie fiks vir oorlog nie. Hier by Jabbok, word Jakob, net voordat hy sy vyandige broer na baie jare weer sou ontmoet, mank gemaak en so onskadelik gestel. Daar kan nie 'n geveg gebeur nie, want Jakob is geveg-onfiks. Hoe hierdie mankmakery presies gebeur het sal ek seker nooit weet of verstaan nie, en die beste wat ek kan doen is om dit te vergelyk met iets soos van-die-bed-afgeval-en-seergekry-dromery. Wat ek wel weet is dat **ware en outentieke** buiging van een mens voor 'n ander mens nie kan gebeur vanuit woede, kwaad, haat, magsvertoon, wraak, groepsdruk en noem maar op nie. Ware buiging van een mens voor 'n ander mens moet vooraf gegaan word deur 'n duur en ingrypende aanraking deur 'n duur God. Jou vuiste moet ontspan en jou veglustigheid getem word in een heilige Goddelike aanraking. So kom Jakob mank-mank by Esau aan, heel moontlik met 'n kierie in die hand, steunend en leunend daarop. Die kierie sou hom altyd lewenslank herinner aan die nag langs die Jabbokrivier. Eers dan word Jakob en Esau weer broers. En ons kom na mekaar toe met 'n kruis om die nek, 'n kruis wat ons lewenslank herinner aan die Groot Ontmoeting tussen God en mens. Eers dan word ons broers en susters.

Youtubeskakel:
Hier is jou skakel na Sondag 2 Augustus 2020 se reisgesprek. Jy is welkom

https://youtu.be/5bXfaLrvDxE

Meditasie uit die lewe:
Toe ek hierdie week uit Genesis 32 lees het ek weer gedink aan die baie huweliksterapie-sessies wat ek in my bediening meegemaak het. Gewoonlik kom twee sterk, selfversekerde, regop en stil-woedende mense ingestap. Albei is só reg en seker van hulle saak. Gewoonlik word die woordjie, "jy", die deurlopende refrein van die gesprek(ke). Dit voel meer soos 'n bokskryt en die bemiddelaar word die skeidsregter wat aanhoudend moet roep, "breek!". Vandag weet ek dat as 'n mens jou Pniël by jou Jabbokrivier "bypass" in die proses van versoening, sal die oorlog nie ophou nie. 'n Mens moet mank genoeg, gebroke genoeg wees, om gereed te raak vir versoening. Ek dink daarom so baie aan Psalm 127 wat lees, "As die Here die huis nie bou nie swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm tevergeefs… vir dié wat Hy liefhet gee die Here dit in hulle slaap …" So ek dink dat die beste huweliksterapie is 'n vorm van gebedsbediening waarin twee mense, die een wat dalk meer reg is en die een wat dalk meer verkeerd is, saambid, "Here, maak ons albei mank …." Vandag moet ek dalk oor Helshoogtepas na Stellenbosch ry en by Suid-Afrika se mooie Pniël stilhou en bid, "Here, maak my 'n mank man, 'n mank pa, 'n mank dominee, 'n mank vriend, 'n mank mens …" Of miskien moet ek met my oupa se erfstukkierie in die hand begin loop!

Weeklikse groepmeditasie
Ons doen ons weeklikse groepsmeditasies tydelik via Zoom. Die meditasies vind gewoonlik plaas op Woensdae om 09:00 en 18:30. As jy aan hierdie Zoom-weergawes daarvan wil deelneem moet jy asseblief 'n epos stuur vir Toit Wessels by toit.wessels@hotmail.com voor of op die voorafgaande Maandag. Dui ook net aan of jy die oggend of aand wil bywoon.

Uitnodiging

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers … ons kan in die een-tot-een situasie regtig die risiko tot die absolute minimum bestuur. Vanaf 1 Junie is ons wel essensiële werkers en mag ons mense te woord staan. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrief wil insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou 'n ideale geleentheid vir 'n wyer luister na mekaar.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jjn1@telkomsa.net